

Geliefde Lourensrivierder

Sondag is 1 September, Lentedag! En Lente is mos die perfekte tyd vir vernuwing! Mag hierdie lente ook vir jou die begin wees van iets wonderliks en iets nuuts saam met die Een wat ALLES nuut maak!
Deut 11:13-14 "As julle al die gebooe wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel, sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd, lente- en somerreëns, en julle sal koring, wyn en olie oes.

Ek deel graag met jul 'n gedig van Marianna Simpson, een van ons gemeentelede.

LENTE

Die lente is vrolik
Die lente is mooi
Die lente is wasig in bloeisels getooi.

Die lente is broos
Die lente is rein
Die lente in bloei laat die son saggies skyn

Die lente is vol belofte
Die lente is vol hoop
Die lente laat my somer met ligte tred loop

Die lente bring vreugde
Die lente gee lewe
Die lente inspireer ons om hoër te strewe

Blare, blomme, bloeisels
Bome en struik is met nuwe lewe oortrek ...
Diere, voëls en bye ...
Is uitgelate en opgewek.

Die lente sê vir my:
"Daar is waarlik 'n God!"
Hoe kan ek anders as om Hom te loof
As die hele wêreld bot!!



NUUSKRUMMELS: 29 Augustus 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:



DINAMIET KIEDZ

SONDAG, 1 September besoek ons weer Huis Jan Swart!

**Kiedz kan weer koekies saambring.
Ons kom 09h00 by kerksaal bymekaar.**



LIFELINE JEUG:

**Moet asb nie hierdie
heerlike oggend
misloop nie!**



M.A.G.
MEISIES AGTER GOD

'n Oggend vol bederf vir elke vrou
in jou lewe. Kom 'plug' jouself in
God se kragtige teenwoordigheid

Datum: 14 September 2019
Tyd: 10h00
Plek: Lourensrivier
Gemeente, Strand
Koste: R50 p/p

**Tema: Waar min krag
is, daar is God**

Kaartjies beskikbaar by
die kerkkantoor of kontak
vir Tijane @ 083 287 0954

VOEDSELFEES, VREUGDEFEEES

Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar:

Potjiekos @ R50-00 en Boereworsrolle @ R20-00.

Kom koop asb so gou moontlik. Baie dankie.

POTTE TE KIES EN TE KEUR

Hoenderpot

Boontjebredie (lam)

Oxtail

Kerrie

Lasagne

Skenkelpot met groente

Waterblommetjie

Wildsvleis

Min tyd oor!

Bestel nou!

NB: Potjies sal vanaf 11 uur beskikbaar wees.

VIR EFT'S/FINANSIËLE BYDRAES:

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank

Strand (Takkode: 334 312);

Rek. Nr. 420 580 231.

- Stuur asb bewys van inbetaling na kantoor, fin@lourensrivier.co.za met verwysing (Naam en Voedsel fees).

Enige navrae, kontak kerkkantoor @ 021 853 5991.

Baie baie dankie en vriendelike Voedsel feesgroete

Voedsel feeskomitee

Apolonia en Gerda

Ons WOEKERHOEKIE het gegroei!]:

Anna se Marmelade @ R35

Canola & Olyfolie @ R85

Gewone Canola Olie @ R75

Lappiesboontjies @ R50/kg

Heuning @ R60 per potjie (400ml)

Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie



Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg

Perskes (Iospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemengde vrugte

Ons het ook 'n GROOOOT verskeidenheid van ander droëvrugte in verskillende grotes, bv. Mango, Appelkoos, Aarbei, Songedroogte tamatie en vele meer.

Vrugterolle, grondboontjies en neute te kies en te keur.



**Vir volledige pryslys, kontak
Kerkkantoor @ 021 853 5991**

Lourensrivier Gemeente
31 AUGUSTUS 2019
09h00 - 14h00

**Vreugde
VOEDSELFEES**

'n Fees van lag, eet, pret-hê en kuier.

Talle kosstalletjies met vars gebak, vetkoek, roosterkoek, basaarpoeding, potjiekos en vele meer asook Kindervermaak.

Lourensrivier Gemeente
h/v Broadway & Da Gamastraat, Strand
021-853 5991



Save The Date: 1-7 SEPT

A remarkable change in your marriage!
Make sense of you, me and life together

Marriage Week
Your marriage matters • Every Sept 1-7

www.samarriageweek.co.za @samarriageweek @samarriageweek @SAHuweliksweek

Huweliksweek SA Vanjaar se tema vir SA Huweliksweek is: "Maak sin van my, jou en ons lewe saam." Die doel is om paartjies te help om hulself en hul huweliksmaats beter te verstaan, sodat die getroude lewe makliker en lekkerder is. [KLIK HIER om meer oor hierdie jaar se tema te lees!](http://intiem.co.za/vanjaar-se-tema-vir-sa-huweliksweek/) <http://intiem.co.za/vanjaar-se-tema-vir-sa-huweliksweek/>
Groete, die SA Huweliksweek en INTIEM span!

Van Lourensrivier se Huwelikspan af sal ons vanaf 1 September elke dag 'n epos uitstuur met 'n kort boodskap en een klein uitdaginkie om jou huwelik weer so 'n lekker wip in die stap te gee. 🎵
Ons tema sal wees: "Gee jouself om jou huwelik fantasties te maak."
Gaan loer ook gerus daaglik op SA Huweliksweek se webtuiste vir gratis materiaal, kursusse, e-boeke, kaartjies, en idees om jou huwelik op te kikker.

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Kom maak 'n draai van 17h30 vir eetgoed en speletjies.

Alle winste van die Graad 3 span sal gaan vir Radio Tygerberg se Droogtehelp fonds

Die Voortrekker Kommando in Strand verjaar! Vrydag, 30 Augustus

Ons Plek, Woltemadestraat 66

Ons sien uit om julle daar te sien!
Dankie vir julle ondersteuning

Die Strand Voortrekker kommando verjaar en ons hou partytjie Vrydag met eetgoed en speletjies en sal ondersteuning waardeer. Ons graad 3's het aangebied om alle winste te gee aan Radio Tygerberg se Droogtehelp vir Boere insameling. Navrae: 0836576253

HOËRSKOOLO STRAND
Kom kuler saam

Datum: Woensdag, 9 Oktober 2019
Tyd: 18.30
Prys: R120,00 p.p.

Andries Vermeulen
as gaskunstenaar 030

Storieverteller • Sanger • Afslaer • Spreker

Ondersteun asb vir Hoërskool Strand.

Kontak Lizel Huisman vir kaartjies @ 0828458238



KERKNUUS UIT DIE OMTES:

BERG - EN - SEEKLUB VIR SENIOR BURGERS

Byeenkoms : Donderdag 5 September 2019 om 9:30

Plek : Kerksaal Moedergemeente S Wes

Spreekers : Robert Post : Die leefwêreld van bye.

Gaskunstenaar : Dawie Roussouw

Koste R15 vir besoekers en R10 vir lede

Uitstappie : Vrydag 20 September 2019 na Darling blommeskou & Duckitt orgiedeë

Vervoer R150

Almal, ook besoekers is baie welkom!

Kontak: 021 852 1787



“SAVE THE DATE”

In samewerking met die Christelike Seemansorganisasie tree Rina Hugo en haar man, Johan van Rensburg Dinsdag 22 Oktober 2019 om 10:00 op by die NG Gemeente Suider-Strand Kerk, h/v Gordonsbaaiweg en Alex Pienaarstraat, Strand.

Toegang is gratis, maar 'n vrywillige donasie sal verwelkom word.

OF

U kan 'n seënsakkie bring vir 'n seeman. 'n Voorbeeld wat u in die sakkie kan sit: Waslappie, lekkerruik seep, klein buisie tandepasta, tandeborsel, aanrol deodorant, weggooi skeermes, klein notaboekie en pen en ietsie lekker.

Petro Pentz, Admin Beampte
NG Gemeente Suider-Strand (021-854 5076)

BERG 80 VERJ: SEPTEMBER 2019

LET WEL: Ouderdom op lys is huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Van Onselen	Joey	Mev	09/02	92
Arangies	Helena	Mev	09/09	89
Jordaan	Roline	Mev	09/15	80
Langenhoven	Hennie	Mnr	09/17	84
Esterhuysse	Betsie	Mev	09/21	80
Loxton	Anstone	Mev	09/23	82
Smith	Helene	Mev	09/23	88
Oosthuizen	Marie	Mev	09/26	88
Kotzé	André	Mnr	09/29	88
Pienaar	Nico	Mnr	09/29	89
Slabbert	Apie	Mnr	09/30	80

JES. 46:4 "Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.

**Oorvloedige
seën**

KNIEWERK:

- † Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- † Ons innige meegevoel met Ludolph Joubert & familie met die heengaan van sy ma
- † Ons innige meegevoel met Cecelia van der Merwe en familie met die heengaan van haar man, Koos.

**FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 1 SEPTEMBER SE BOODSKAP: HEBR 13:1-16
(12DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)**

D J Opperman skryf: "Deur tralies wat die tuin omsluit, kyk ek en my verwarde broers verlangend na die stad nog uit: hoe deur die reën en laaste lig, krukkelig soos nat voëls, loop elke jas met sy gesig." Agter elke jas skuil 'n mens met 'n hart, 'n mens wat saam met my en ook langs my bly, wat saam met my werk, boer, skoolgaan, leef. 'n Mens wat langs my sit in die kerk en wat dieselfde Here se lof besing. Tog vergeet ek dit so maklik. **Daarom, sê 'n onbekende Rabbi iewers, 'n venster en 'n spieël is albei van glas. Deur die venster kan ek ander mense sien. Maar sodra die silwer bykom, sien ek net myself.**

Met die teksgedeelte daag die Hebreërskrywer die gelowiges van sy tyd, maar ook ons uit om ons oë oop te maak en te sien wie die ander, veral ook die vreemdelinge, is. Ons moet besluit of ons bangjan is en of ons in ons harte vreugde ervaar oor hulle teenwoordigheid. Groet ons hulle met 'n vriendelike gesig? Oorlaai ons hulle in die kerk met hartlikheid as ons hulle welkom heet? Is ons bereid om dit te doen al is ons nie lus nie? Of is ons bang om iets van onself, miskien ons tyd te offer? Dit geld ook vir die mense naby aan ons, ons gesin, ons huweliksmaats. Hoor ons dat dit is wat die Here van ons vra?

Die wonderlike is dat as ons bereid is om dit wel te doen, dan ontdek ons dat ons nie net iets vir 'n ander beteken nie. Ons ontdek ook opnuut hoe lief die Here vir ons is, asook hoe ander, al is hulle vreemdeling, van ons nuwe mense maak wat met nuwe moed die toekoms aandurf.

Dit was nog nooit maklik gewees nie. Dit sal ook nooit maklik wees nie. Die vermoë om dit te doen kan ons ook nie op afslag by die supermark as 'n kitsprodukt koop nie. Dit vra dat ons in geloof op reis gaan en so in geloof sal groei. Hierdie reis sal ons soms uitasem laat stap op ons eie Camino de Santiago. Maar ons sal ook iets anders ontdek. **Dit waarvan Shel Silverstein in sy boek, "The giving tree", skryf. Hy skryf dat daar 'n appelboom was onder wie se takke 'n seuntjie elke dag in die koelte gespeel het. Hy was lief vir die boom en die boom was gelukkig. Die seuntjie het ouer geword en die boom was dikwels alleen.**

Op 'n dag vertel die seun vir die boom dat hy geld nodig het. Hierop antwoord die boom: "Pluk my appels en verkoop dit!" Die seun het dit gedoen. Na 'n lang tyd kom hy weer by die boom, want hy wou 'n huis hê. Die boom stel toe voor dat hy sy takke afsaag en daarmee 'n huis bou. En die seun het dit gedoen. Uiteindelik toe die seun baie oud was, maak hy weer 'n draai. Hy wou net rus en die boom se stomp was die ideale plek. Die boom was gelukkig, want hy het sy alles gegee!

Ons sal ontdek, al is ons soms so moeg van al die geloofsuitdagings dat ons nie in die bootjie wil klim om na die ander kant oor te vaar nie, dat God in Jesus sy alles vir ons gegee het. Dit sluit ook in die versekering dat Hy ons op hierdie geloofsreis nooit alleen sal laat nie. Hiervan is sy pad met ons voorgangers die stille getuies!

Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. As die Begin en Voleinder sal Hy nooit die hasepad kies nie. Hierin is Hy so anders as onself en ook as ander mense, want ons menslike giere en geite wissel van die een sekonde na die ander. Daarom is ons in onself onbetroubaar. Sy verlossing is egter vir ewig, want dit is geskryf in sy bloed aan die vloekhout op Golgota. Hy bevestig dit deur sy graf wat leeg is. Daarom kyk God nie vas teen die silwer van 'n spieël nie. Hy kyk na ons deur 'n venster wat skoongewas is deur Jesus se bloed.

Klim gerus in die bootjie, wees lief vir ander, ook vir vreemdelinge asof hulle ons eie gesin is. Moenie bang wees nie, want God is altyd daar. Dit waarborg Jesus Christus, die Here!

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE

